Downloaded from Stanmorephysics.com

# KZN DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

# GREENBURY SEKONDERE SKOOL

# DERDE KWARTAAL TOETS

# AFRIKAANS – EAT : LETTERKUNDE 2017

**GRAAD : 11**

**PUNTE : 35**

**EKSAMINATRISE : S.REDDY**

**MODERATRISE : A. RAMNATH**

**TYDSDUUR : 1 UUR**

**DATUM : 21 /09/2017**

**LW. Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.**

**Instruksies:**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Bestee 30 minute aan elke vraag.
3. Afdeling A : Poësie (17 punte)
4. Afdeling B : Kortverhaal (18 punte)
5. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.
6. Skryf netjies en leesbaar.
7. Voorletters van jou onderwyser/es moet bo-aan geskryf word – PS, SSu, ARa, PR, S.Re, SRP



Blaai om… VRAAG EEN

## VRAAG EEN : POËSIE – STERREKYKER

**Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg:**

### *Sterrekyker*

Ek skryf 'n brief aan die man op die maan –
bladsye en bladsye vol.
Ek rol dit in 'n koker op,
bind dit aan 'n pyl
en skiet dit met 'n wilgerboog
dat dit hoog die lug inseil.
Ek sien hoe dit deur die sterre trek
en om die maan gaan draai
en al verder deur die donker lug
'n duisend briewe saai.
Nou wonder ek
– en wonder jy? –
het hy ooit sy pos gekry,
of sou daar iemand anders wees
wat al dié briewe dalk nou lees?

**Vrae:**

**1.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die antwoord neer.**

**'n Sterrekyker bestudeer (hemelliggame / liefde/ aarde)** **(1)**

**1.2 Watter soort spreker het ons in hierdie gedig?** **(1)**

**1.3 Aan wie skryf die spreker 'n brief?** **(1)**



**Blaai om... 1.4**

1.4 Haal 'n versreël aan wat wys dat dit 'n baie lang brief is. (1)

1.5 Waarna verwys die woorde "die man op die maan "? (1)

1.6 Sê waarom die volgende stelling onwaar is. Haal uit die gedig aan om jou antwoord te motiveer.

Die spreekster stuur haar brief deur dit in 'n poskantoor te pos. (1)

1.7 Identifiseer en bespreek die beeldspraak in die volgende versreël

"en al verder <u>d</u>eur <u>d</u>ie <u>d</u>onker lug" (2)

1.8 Waaroor wonder die spreker? (1)

1.9 Bespreek die funksie van die aandagstrepe in versreël 12. (2)

1.10 Haal drie agtereenvolgende woorde aan wat wys dat die spreekster met die leser praat. (1)

1.11 Wat, dink jy, is die tema van die gedig? (2)

1.12 <u>Pas Kolom A by Kolom B. Skryf net die nommer en letter neer</u>

| <u>KOLOM A</u> | <u>KOLOM B</u> |
|---|---|
| 1.12.1"maan gaan draai" | A emjambement |
| 1.12.2Die digter gebruik dit om eenheid te skep. | B wilgerboog |
| 1.12.3 gemaak van hout. | C assonansie (3) |

(17)



Blaai om... Vraag 2

## Vraag 2 : Kortverhaal – Die kind

## Lees die onderstaande uitreksels en beantwoord die vrae wat volg.

Die kleintjies het juis geneul oor hoekom sy so baie Hertzoggies eet. Goeie maniere is mos net een. Dan het sy gelag en gesê dié klein Gericketjie het 'n soettandjie. Ernest en Michael was altyd eerste om hulle Grandpa-blikkies met muistande te bring. Dat Ma kan verduidelik hoe mens weet watter een 'n soettandjie is.

Dit was laas Sondag nog so.

Teen boekevat verskyn Ma sakdoek in die hand aan tafel. Haar oë kyk by ons fronse verby. Pa lees en bid lank en ernstig. Langer as gewoonlik. Ek hoor Ma snuif. Ons sing nie vanaand nie. In die kombuis hoor ons Souf sing: "O goedheid Gods hier nooit volprese." Ek loer onderlangs na Pa. Hy duld nie 'n geraas met boekevat nie, maar hy bly net koponderstebo sit. Ma se stoel kraak oor die houtvloer en Souf kom ons haal. Ons moet kooi toe. Môre is Maandag. Maandae is donker opstaan vir skool, en slim kinders moet baie slaap.

In die middel van die nag word ek wakker van stemme. Dis Pa en Ma.

Op my slaapsokkies loop ek tot by die gangdeur. Ma-hulle se kamerdeur is op 'n skrefie oop en die paraffienlamp skyn 'n flou streep op die vloer. Ek haal my slaapmus af om beter te hoor.

"Ek sê jou, Martha, ons het nie 'n keuse nie."

**Vrae:**

**2.1 Wie is die verteller van die verhaal?** **(1)**

**2.2 Kies die korrekte antwoord en skryf net die nommer en letter neer.**

**2.2.1 Ma eet so baie "Hertzoggies" omdat sy…**

**A) goeie maniere het**

**B) nie goeie maniere het nie**

**C) swanger is** **(1)**



**Blaai om…2.2.2**

**2.2.2 "Ons moet kooi toe" wys dat die kinders…**

**A) bed toe moet gaan**

**B) moet speel**

**C) soetgoed moet eet** **(1)**

**2.3 Wat is die verhouding tussen die verteller en Martha?** **(1)**

**2.4 Watter slegte nuus het Hettie vanaf die gesprek tussen haar ma en pa afgeluister / (gehoor) ?** **(1)**

**2.5 Beskryf die verteller se gevoelens oor wat sy gehoor het.** **(1)**

**2.6 Sê waarom die volgende stelling waar is.**

**Die verteller het baie keer verkeerde dinge gedoen. Gee'n rede vir jou antwoord.** **(1)**

**2.7 "Ek sê jou, Martha, ons het nie'n keuse nie"**

**2.7.1 Wie praat met Martha?** **(1)**

**2.7.2 Verduidelik waaroor die "Ek" en Martha praat?** **(1)**

**2.7.3 Wat is Martha se reaksie oor die situasie?** **(2)**

**2.8 Noem twee dinge wat Pa sê om Ma te troos?** **(2)**

**2.9 As jy Martha was, wat sou jy in die situasie gedoen het? Gee'n rede.** **(2)**

**2.10 Rangskik die volgende sinne in die regte volgorde. Skryf net die letters neer.**

**A) Ma word baie siek.**

**B) Pa wil een van ons weggee.**

**C) Die sendeling – egpaar vat Norman.** **(3)**

**(18)**

**[35]**



GREENBURY SECONDARY SCHOOL
DEPARTMENT OF LANGUAGES
H.O.D. ~~MR S~~ R PANDAY

S.Re

September – 2017

Graad : 11 Letterkunde Punte : 35

Verwagte Antwoorde

Vraag 1

1.1. hemelliggame ✓1

1.2. EK – spreker / eerste persoon spreker ✓1

1.3. "die man op die maan" ✓1

1.4. "bladsye en bladsye vol" ✓1

1.5. na die sterrekyker / astroloog wat jou toekoms kan voorspel ✓1

1.6. "en skiet dit met 'n wilgerboog / dat dit hoog die lug inseil." ✓1

(2) 1.7. alliterasie ✓1 die "d" klank word beklemtoon ✓1

1.8. Sy wonder of iemand haar brief gelees het / Sy wonder of hy sy pos / brief gekry het. ✓1 2

(2) 1.9. om te beklemtoon die vraag wat die spreker vra.

1.10. "en wonder jy" ✓1

(2) 1.11. Gedig is oor die sterrekyker wat jou toekoms kan voorspel / reis / verwondering (aanvaar ander antwoorde gebaseer op gedig.) 2

1.12.1. C ✓1

1.12.2. A ✓1

1.12.3. B ✓

(3)

(17)

Vraag 2

2.1. Ek - verteller / Hetta Gericke ✓

2.2.1. C ✓

2.2.2. A ✓

2.3. dogter en moeder / Die verteller is Martha se dogter en Martha is die verteller se ma ✓

2.4. Haar pa wil een van sy kinders weggee. ✓

2.5. angstig / bekommerd ✓

2.6. Sy het "vergeet om eiers uit te haal, kos vir hoenders te gee, kole vir die Aga in die emmer te gooi, Sy lag as Federick Truida se vlegsel in haar inkbotjie druk nie ✓(enige 1)

2.7.1. Pa / Hennie ✓

2.7.2. Ma moet haar sewende kind weggee aan 'n kindlose egpaar. ✓

(2) 2.7.3. Martha / Ma is treurig / ongelukkig / hartseer / Sy huil / Sy wil nie haar kind weggee nie

(2) 2.8. (i) Pa/Hy vertel haar (ma) dat hulle ses pragtige kinders het en hulle kan nog kinders hê. ✓

(ii) Die sendeling egpaar wat hulle kind wil hê, sal altyd kindloos wees. ✓

2 2.9. eie mening ✓✓ 2

2.10. B ✓

A ✓

(3) C ✓ 3

(18)

(35)